PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

3 September 2023 | 041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Baie welkom by vanoggend se Lentelofsangdiens!

Indien jy vanoggend 'n **besoeker**, **'n nuwe intrekker of - lidmaat** is hier by Hoogland, vertrou ons dat vanoggend se diens ook vir u 'n belewenis en 'n Goddelike ontmoeting sal wees. Neem asseblief die vrymoedigheid en kom ontmoet ds Pieter na afloop van die oggenddiens voor by die preekstoel.

HET U GEWEET?

Leukemie is die mees algemene kanker by kinders en tieners jonger as 20. Dit is verantwoordelik vir byna een uit drie kankers wat gediagnoseer word.

Baie Welkom: Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Pieter Nel
10:00 Geloofsvormingsgroepe in hulle onderskeie lokale

Deurkollekte : Sending (Sin)

Program vir die Week:

Maandag: 4 September
10:00 Gebedsaksie in Kapel

Dinsdag: 5 September
14:00 Vroue Bybelstudie
18:30 *Unlocking the Bible* - kursus

Woensdag: 6 September
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Donderdag: 7 September
10:30 Woord Werkgroep
19:00 Kerkraadsvergadering

Vrydag: 8 September
05:15 Mannebediening

Algemeen

Bydraes

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Enige gebedsversoeke kan vertroulik met 'n *WhatsApp*-boodskap gestuur word na:

079 815 9325

U voorbidding word asseblief gevra vir die Kerkraadsvergadering op Donderdag, 7 September om 19:00.

Daar is elke Sondag lekker koffie & "*hot chocolate*", vir almal, na die erediens in die Voorhuis.
Onthou asseblief: Hoogland maak ook staat op u donasies.

Baie dankie aan elkeen wat deel was van Hoogland se Tiende Dankoffer - en Waardefees. Dit was voorwaar 'n geseënde en mooi geleentheid gewees.

Dankie ook aan Hoogland se kinders vir hulle saamkuier. Die munte vir die muntlegging het 'n totaal van R4 144,70 opgelewer.

Uit die hart....

Het jy dit gevoel die afgelope week? Ek weet jy moes: dalk het jy net die afgelope twee/drie weke opgelet dat dit vroeër lig word, miskien was dit die warmer dae of selfs êrens 'n vrugteboom wat begin knoppies maak. Dit is LENTE!

"*Die lente is 'n tyd vir stilswyende verwondering oor die wonder van nuwe lewe en groei; van bloeisels en voëls wat sing; van bome wat botsels maak en `n swaar vrag van somervrugte belowe,*" só skryf Solly Ozrovech.

Lente is ook 'n tyd van geestelike groei: 'n tyd waarin ons opgeroep word om uit ou groewe en gewoontes te breek tot nuwe lewe. Dis 'n tyd wat ons herinner om na die vrugte aan ons lewensbome te kyk, want: " 'n Boom word aan sy vrugte geken." (Matt. 12:33).

Jesus het die dissipels aangemoedig om na die bloeisels aan die vyeboom te kyk. Wanneer die vyeboom begin bot, sal hulle weet die tyd is naby, voor die deur (Matt. 24:32-35). Daarom herinner die verandering wat lente bring ons daaraan dat Jesus weer sal kom en dat ons gereed moet maak om Hom te ontmoet.

Prediker 3:1-11 herinner ons dat elke ding sy eie tyd het en verbygaan - soos winter verbygaan en plek maak vir lente en dan weer vir somer. Ons seisoene van die lewe gaan ook verby en skep ruimte en potensiaal vir 'n volgende seisoen. Indien dit nie die mooi– en groei– en sonskyntyd in jou lewe is nie, mag die draai van die seisoen jou herinner (in die woorde van 'n lied): "*Môre sal die son weer skyn, miswolke sal dan verdwyn. Glimlag deur die stormwind, jy is mos 'n Koningskind.*"

As geloofsfamilie betree Hoogland ook 'n nuwe seisoen: Die Here het ons roeping (geloof deur liefde tot dade) bevestig en vir ons waardes (LIEFDEsDAAD) gegee om dit te leef. Mag daar nuwe bloeisels uitloop in en deur Hoogland. Mag ons, net soos die aanbreek van lente, vir die wêreld rondom ons 'n lewende, lopende getuienis wees.

Ds Pieter

Preeknota's ....

LIEFDE

DIENSBAARHEID

AANVAARDING

AANPASBAARHEID

OEKSISTIGHEID